BEELD 26-05-2008 P. 6.

Afrikaanse Taalraad gestig wat halfmiljoen verteenwoordig

Wellington. – 'n Afrikaanse Taalraad (ATR) is die naweek gestig met die eenparige aanvaarding van 'n grondwet deur die afgevaardigdes van 40 Afrikaanse organisasies.

Sowat 100 afgevaardigdes het die stigtingsvergadering bygewoon. Hulle verteenwoordig sowat 500 000 mense.

Prof. Wannie Carstens, 'n lid van die Pan Suid-Afrikaanse Taalraad se Nasionale Taalliggaam vir Afrikaans (NTLA), is as voorsitter van die bestuur van 14 aangewys en dr. Michael le Cordeur, voorsitter van die Wes-Kaapse Taalkomitee, as ondervoorsitter.

Prof. Jacques van der Elst van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns is die sekretaris en dr. Danny Titus, uitvoerende hoof van die Afrikaanse Taal-en-kultuurvereniging, die fondsbestuurder.

Luidens 'n verklaring deur die bestuur is die ATR " 'n koordinerende, netwerkskeppende en inklusiewe liggaam" en is Afrikaans "die eiendom van almal wat dit praat".

"Die ATR onderskryf veeltaligheid en stel onder meer as doel om ook ander tale te bevorder."

Henry Jeffreys, redakteur van *Die Burger*, *Beeld* se susterkoerant, het as gasspreker die historiese belang daarvan uitgelig dat bruin en wit leiers die visie gehad het om saam 'n stap vorentoe in die belang van Afrikaans te doen.

Die belang van sowel Afrikaans se bemagtigingsrol as sy hoër funksies is beklemtoon deur mnr. Christo van der Rheede, direkteur van die Stigting vir Bemagtiging deur Afrikaans en 'n verkose bestuurslid, en deur dr. Theuns Eloff, visekanselier van die Noordwes-Universiteit.

Die eerste aksie van die nuutgestigde ATR was 'n oomblik van stilte vir die slagoffers van die xenofobiegeweld in Suid-Afrika.

■ Belangstellendes kan Le Cordeur kontak by mlecorde@pgwc.gov.za